Aanhangsel A

PRETORIA BOEREMARK REËLS & REGULASIES

(Hersien Julie 2026)

Die boeremark is in die lewe geroep deur TLU SA om boere die geleentheid te gee om hulle produkte direk aan die verbruiker te verkoop. TLU SA is die eienaar van alle aandele in die maatskappy wat die mark besit en bedryf. TLU SA se doelstelling is om boere veilig en volhoubaar op hulle plase te hou en alle inkomste word vir die bereiking van die doelwit gebruik.

Die Pretoria Boeremark (Edms.) Bpk behou die reg voor om enige reël en/of regulasie te wysig.

Die reg van toegang tot die Pretoria Boeremark perseel, te 665 Morelettastraat, SILVERTON, word te alle tye voorbehou.

1. **RIGLYN TEN OPSIGTE VAN PRODUKTE WAT BY STALLETJIES VERKOOP MAG WORD:**
   a) Die oorspronklike doel van die Boeremark was om 'n afsetpunt te bied vir **oorskot landbou-produkte** van omliggende produsente. Later is **kos** asook **handgemaakte artikels** by die produklys gevoeg en bly die 3 produklyne die hoof-kriteria wat gebruik word wanneer 'n aansoek vir 'n stalletjie-spasie ontvang word. Die markbestuur kan egter met diskresie ander produkte toelaat.
   b) Indien jou aansoek goedgekeur word, **mag jy slegs die produkte wat in jou aansoek gelys is verkoop**. **Enige toevoegings vereis skriftelike toestemming**.
   c) Alle Stalletjie-eienaars **moet aan alle wetlike voorskrifte, regulasies en gesondheidsvoorwaardes voldoen.**
   d) Die **kwaliteit van die produk** wat verkoop word is deurslaggewend vir **sukses**. Die besoekers aan die mark bepaal vinnig watter produk is die beste en sal daardie stalletjies altyd ondersteun. Stalletjie-eienaars word daarom versoek om toe te sien dat die kwaliteit van hulle produk asook hulle diens aanneemlik is vir die publiek.
   e) Alhoewel **klagtes vanaf besoekers** of klante deur die Stalletjie-eienaar self opgelos moet word sonder inmenging van die Bestuur, neem die Bestuur in baie gevalle wel kennis van klagtes wat negatief op die Pretoria Boeremark en sy Stalletjie-eienaars oor die algemeen reflekteer.

2. **PROSEDURE WAARVOLGENS NUWE AANSOEKE VIR STALLETJIE-SPASIES HANTEER WORD:**
   a) Indien 'n **aansoek vir 'n stalletjie-spasie goedgekeur** word, sal die aansoeker skriftelik verwittig word en versoek word om **vooraf op 'n Saterdag tydens die markure na die beskikbare spasie te kom kyk**.
   b) Geen betalings moet voordat die aansoek goedgekeur is gemaak word nie.

3. **TARIEWE VAN TOEPASSING:**
   a) 'n **R500,00 intreefooi** is betaalbaar wat onder geen omstandighede terugbetaalbaar is nie.
   a) Die tarief van **R1324,80 (BTW ingesluit) per stalletjie per maand** is vooruit betaalbaar. Die tarief is betaalbaar hetsy die stalletjie elke Saterdag geokkupeer word al dan nie.
   b) Betalings moet gemaak word per EFT of per kaart op die terrein aan:

Rekeningnaam:	**Pretoria Boeremark**
Bank:	**FNB**
Rekeningnommer:	**62383915629**
Taknommer:	**250655**

   c) Fakture sal op die 1ste van elke maand gegenereer word en ge-epos word aan Stalletjie-eienaars.

   d) Versuim om betalings betyds te betaal, kan tot gevolg hê dat die kontrak sonder enige kennisgewing en met onmiddellike effek gekanselleer kan word.

.../2

4. WETLIKE VOORSKRIFTE, REGULASIES EN GESONDHEIDSVOORWAARDES:

a) Alle Stalletjie-eienaars wat enige **voedsel-produkte verkoop** - hetsy vooraf verpak, herverpak, gereed-om-te-eet kos (dit wil sê kos wat op die terrein voorberei word) - moet voldoen aan die **wetlike gesondheids-vereistes** en in besit wees van 'n Sertifikaat van Aanvaarbaarheid **(COA - Certificate of Acceptability)**.

b) Vir enige hulp wat u benodig met die verkryging daarvan, is u welkom om met ons direksielid, mnr Johan Human, te kontak. Mnr Human se kontakbesonderhede is johanhu@tshwane.gov.za of 0827846513.

c) U kan ook direk met die inspekteur wat verantwoordelik is vir die gebied waarbinne die Boeremark val skakel. Die inspekteur is me Tshepiso Hlako (Environmental Health Practitioner) en is sy beskikbaar by tel. (012) 358-6974, 0789448238 of tshepisoH@tshwane.gov.za.

d) Diegene wat **sonder die nodige COA** werk, stel hulself bloot aan **boetes** maar stel ook die Pretoria Boeremark se operasionele bevoegdheid in gevaar.

5. WETLIKE VOORSKRIFTE EN REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN KRAG

a) Die **enigste elektriese beligting wat toelaatbaar is**, is **"winkel gekoop", verskuifbare lig-installasies** soos bv. string-ligte wat inprop. Die string ligte mag egter **geensins permanent vasgemaak** word nie en moet weer vanaf die terrein **verwyder** word na elke mark-dag. **Enige herlaaibare, draagbare ligte word hierby ingesluit.**

b) **Sonkrag-vloedligte** mag wel opgesit word, solank dit opgesit word met geen modifikasies nie - dit wil sê onderhewig aan die vereistes wat die verpakking aandui. Omdat so 'n lig nie gekoppel is aan ons netwerk nie, mag dit wel permanent vasgesit word.

c) **Sonkrag-sisteme benodig ook 'n Sertifikaat van Voldoening of COC** (Certificate of Compliance) en indien die Stalletjie-eienaar nie oor die nodige COC daarvoor beskik nie, moet dit verwyder word. (Kamptoerusting wat verwyder word na die mark is uitgesluit in hierdie geval.)

d) Alle elektriese installasies van **0 tot 1000 V AC en DC, word gedek onder kode 1042-2, wat beteken dat kragvoorsiening op hierdie wyse ook 'n COC benodig**.

e) Waar **elektrisiteit** beskikbaar is, sal 'n fooi van **R150,00 per maand vooruit betaalbaar** wees vir gebruik vir **ligte/selfoon-laaier of om 'n kaartmasjien** te laai.

f) Vir die gebruik van **enige ander elektroniese toestel** moet daar met **insae van die Bestuur** 'n **tarief bereken** word en skriftelik daaroor ooreengekom word vir **betaling per maand**.

g) Alternatiewelik kan 'n **verbruiksmeter deur 'n goedgekeurde elektrisiën geïnstalleer** word op koste van die stalletjie-eienaar self. Die stalletjie-eienaar betaal dan maandeliks volgens gemeterde verbruik. Die tarief sal teen die huidige Tshwane munisipaliteit se tariefskaal bereken word en sal die betrokke stalletjie-eienaars dienooreenkomstig gefaktureer word. **Meterlesings moet maandeliks op die laaste markdag van die maand aan die Bestuur deurgegee word by markaansoeke@tlu.co.za**. Let wel: Alhoewel stalletjie-tariewe dus vooruitbetaalbaar is, is krag-koste terugwerkend betaalbaar.

h) Kragopwekkers sal alleenlik toegelaat word in geval van kragonderbrekings indien die geraas daarvan nie buitensporig is nie. Die Bestuur behou egter die reg voor om die gebruik van kragopwekkers te verbied.

6. VEREISTES TEN OPSIGTE VAN UITRUSTING VAN STALLETJIES:

a) Stalletjie-eienaars moet hul **eie stoele, tafels, gazebo's** ens. voorsien. Die stoele, tafels of bankies van die Pretoria Boeremark mag nie deur stalletjies gebruik word nie.

b) Stalletjie-eienaars kan **met toestemming van die Bestuur**, **permanente strukture** oprig in hulle stalletjie-spasie.

c) Veral die uitmerk van die grense van die stalletjie-spasie moet onder leiding van die Bestuur geskied, sodat pale vir afdakke of fondamente vir wendy's inbreek maak op die aangrensende stalletjie-spasies nie.

d) Die koste vir die oprigting van strukture hetsy 'n **afdak** of 'n **wendy**, is vir die Stalletjie-eienaar se eie koste. Sou die Stalletjie-eienaar sy **stalletjie-spasie uiteindelik wil opgee**, kan gepoog word om sy

.../3

kostes te verhaal vanaf 'n nuwe goedgekeurde Stalletjie-eienaar. Let wel: **Die Bestuur moet enige** nuwe Stalletjie-eienaar steeds goedkeur vir sodanige stalletjie-spasie.

e) Tot tyd en wyl die struktuur óf verkoop óf verwyder is, moet die huur daarvan steeds betaal word.

f) Indien 'n Stalletjie-eienaar vir welke rede ookal nie meer 'n stalletjie-spasie waarop hy/sy 'n permanente struktuur opgerig het wil benut nie, en daar nog uitstaande skuld teenoor Pretoria Boeremark betaalbaar is, behou die Boeremark die reg voor om die struktuur te verkoop om die skuld te verhaal.

g) Indien afdakke opgerig word, moet die pale verkieslik van hout wees en die staaldak groen of bruin geverf word om eenvormigheid op die markterrein te bevorder. Vir enige ander materiaal wat gebruik wil word, moet vooraf goedkeuring van die Bestuur bekom word. Die nodige onderhoud van die struktuur bly vir die koste van die Stalletjie-eienaar en kan deur die Bestuur afdwingbaar wees in belang van die voorkoms van die Boeremark. (Dit sluit in die verf van pale, dakke, onderhoud van wendy's ens.)

h) Geen Boeremark personeel mag aangewend word vir die algemene onderhoud van die stalletjies tydens weeksdae, werksure of tydens Saterdag markure nie en geen werk op die terrein sal op Sondae toegelaat word nie.

i) Stalletjie-eienaars word ook daaraan herinner dat indien daar gedurende die week van die **mark se krag gebruik** word om **instandhouding** by stalletjies te doen, 'n minimale bedrag van **R50** per dag betaalbaar is aan Paulus (op terrein) of aan die Terreinbestuurder, mnr Johan Pienaar. Kwitansies sal per hand uitgereik word vir kontant ontvang in die verband.

7. REKLAME EN BEMARKING VAN NUWE STALLETJIES

a) Nuwe Stalletjie-eienaars word aangemoedig om van die verskillende sosiale netwerke gebruik te maak om hul produkte te bemark. Meer inligting daaroor kan by Lizette Post by 0716784071 of hello@hootcreative.co.za bekom word.

b) Banniere of ander bemarkingsmateriaal mag nie in die strate geplaas word of enige verkeer van mense belemmer nie**.**

8. BEPERKING OP ONDERVERHURING VAN STALLETJIE-SPASIES:

a) Stalletjie-spasies mag **onder geen omstandighede onderverhuur** word of **gedeel** word met iemand anders nie.

9. RISIKO'S:

a) Stalletjie-eienaars moet asseblief kennis neem dat 'n groot gedeelte van die boeremark terrein onder die **100-jaar vloedlyn** is en dat water moontlik deur die terrein kan loop.

b) Dit bly 'n risiko wat elkeen wat die terrein gebruik van bewus moet wees en self moet verreken sodat die nodige versekering uitgeneem kan word al dan nie**.**

c) Die Bestuur het hul daartoe verbind om gebeurlikheidsbeplanning te doen om **noodtoestande** te kan hanteer en sal Stalletjie-eienaars ingelig word soos daar gevorder word in die verband.

10. ALGEMENE NETHEID VAN DIE TERREIN:

a) Stalletjie-eienaars word versoek om hulle stalletjies **netjies** te hou en spesifiek aandag te skenk aan die **verwydering van bou-rommel, spykers** ens. wat besoekers en ander Stalletjie-eienaars skade kan berokken.

b) Stalletjies moet te alle tye skoon en netjies agtergelaat word.

11. VOERTUIE:

a) **Geen voertuie word toegelaat om op die terrein te beweeg tussen 05h30 vm en 09h30 vm nie.**

b) Alle voertuie moet parkeer word in die aangewese parkeer-areas.

c) **Geen voertuig mag op die terrein vinniger as 15 km/h ry nie en moet let op die eenrigting-verkeer wat van toepassing is. Die ingang tot die terrein is vanaf Morelettastraat en die uitgang is na Krigestraat.**

12. BEëINDIGING VAN OOREENKOMS TUSSEN PRETORIA BOEREMARK EN STALLETJIE-EIENAARS:

a) Versuim om enige fooi betyds te betaal het die gevolg dat die kontrak onmiddellik gekanselleer kan word. Die betrokke stalletjie-eienaar sal egter altyd kennisgewing ontvang van agterstallige bedrae en sal beëindiging van 'n ooreenkoms nie sonder die nodige gesprekvoering en/of insae van beide partye geskied nie.

b) Indien die reëls en regulasies soos uiteengesit in hierdie dokument egter welwetend geminag of nie nagekom word nie, kan die ooreenkoms gekanselleer word met 'n 30 dae kennisgewings-tydperk. Die huurder sal dan versoek word om die stalletjie te ontruim by verstryking van die 30 dae. Sodanige kennisgewing sal skriftelik wees en deur die Markbestuurder oorhandig word aan die Stalletjie-eienaar.